

Liefde bewys deur dade!

Joh 14:15

Woensdag 16 Nov 2020

“As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer.”

(1983 vertaling)

“As julle My liefhet, sal julle my gebooie onderhou.”

(2020 vertaling)

Hierdie is ‘n voorwaardelike sin: “**As julle my liefhet...**” sê Jesus. Hier is drie baie belangrike woorde: **Liefhê....opdragte.....uitvoer!**

Ons kan hierdie vers as volg parafraseer as ons na die betekenis kyk:

“As julle met liefde wat van intellegensie en ‘n suiwer doel getuig My liefhet, sê Jesus Christus, dan sal julle aanvaar, gehoorsaam wees en met nougesetheid waghou oor die gebooie wat Ek aan julle gegee het vir julle innerlike gesindheid en julle uiterlike dade.”

Nou dit is ‘n hele mondvol. Maar dit is wat liefde vir Jesus beteken. Liefde is nie maar net ‘n emosionele gevoel nie. Liefde is ‘n daadwerlike wil en soeke in opregtheid om te doen wat tot eer van God is. Die manier waarop jy lewe sal dus vir ander mense wys of jy God werklik liefhet of nie. Wil jy graag God liefhê?

Daarom moet ons vier sake verstaan om liefde te bewys.

Eerstens moet ons God ken.

Ons moet weet hoedat Hy homself in die Woord aan ons openbaar.

Ons moet luister na die prediking en die verklaring van die Bybel.

Ons moet Jesus Christus ken.

Ons moet God as een Wese en drie Persone erken en bely en verstaan hoe Hy Homself aan ons openbaar.

Tweedens moet ons weet hoe God gedien wil word.

As ons Hom ken uit die Woord dan weet ons hoe Hy gedien wil word.

Daarom is die Tien Gebooie of die Wet so belangrik.

Dit is vir ons ‘n reël van ons dankbaarheidslewe.

Derdens moet ons liefde verstaan.

God is liefde.

God het ons eerste liefgehad.

God het ons geskape en nadat ons gesondig het, het Hy in sy Liefde Sonder Grense, sy eie Seun, Jesus Christus aan die kruis laat betaal vir al ons sondes.

GOD IS DUS LIEFDE! En ons moet liefhê soos God liefgehad het.

Vierdens dan moet ons God en ons naaste liefhê.

Uit ons eie sal ons nooit, **die liefde sonder grense**, ooit verstaan nie.

Ons kan nie uit ons eie liefhê nie.

Ons moet deur die Heilige Gees gelei word.

Dit is wat Jesus aan ons belowe het.

Hy sal ‘n ander Trooster stuur

Die Heilige Gees sal nadat Hy ons wederbaar het in die liefde lei.

Jou dade sal dus bewys of jy werklik liefhet. Want Jakobus het gesê: “Wys my jou geloof sonder die dade en ek wys jou my geloof uit my dade.” Jy kan nie jou liefde wys andes as met jou dade, met emosie en met ‘n omgee hart nie. .

Amen (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)